NATIONAL EDUCATION
NASIONALE OPVOEDING

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 28 June 1985 — WINDHOEK — Vrydag 28 Junie 1985 — No. 5063

CONTENTS:

| | Page |
|---|---|
| GOVERNMENT NOTICE | |
| No. 2 Unauthorized Expenditure (1981-'82) | 1 |

INHOUD:

| | Bladsy |
|---|---|
| GOEWERMENTSKENNIGEWING | |
| No. 2 Ongemagtigde Uitgawes (1981-'82) | 1 |

## Government Notice

REPRESENTATIVE AUTHORITY OF THE NAMAS

No. 2 1985

PUBLICATION OF ORDINANCE OF THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE NAMAS

The following Ordinance assented to by the Administrator-General in terms of the provisions of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980), is hereby published in terms of section 17 of the Representative Authority of the Namas Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 35 of 1980).

No. 1 Unauthorized Expenditure (1981-82) Ordinance, 1985

## Goewermentskennisgewing

VERTEENWOORDIGENDE OWERHEID VAN DIE NAMAS

No. 2 1985

AFKONDIGING VAN ORDONNANSIE VAN WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE NAMAS

Die volgende Ordonnansie waartoe die Administrateur-generaal ingevolge die Bepalings van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980), toegestem het, word hierby ingevolge artikel 17 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas, 1980 (Proklamasie AG. 35 van 1980), afgekondig.

No. 1 Ongemagtigde Uitgawes (1981-'82) Ordonnansie, 1985

Ordinance
No. 1 of 1985

## UNAUTHORIZED EXPENDITURE (1981-'82) ORDINANCE, 1985

*(Assented to by the Administrator-General on 23 May 1985)*

*(Afrikaans text signed)*

# ORDINANCE

To provide for the defrayment of unauthorized expenditure from the Revenue Fund of the Representative Authority of the Namas incurred for the administration of the affairs of the Namas during the financial year which ended on 31 March 1982.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly of the Namas, as follows:-

Defrayment of unauthorized expenditure from Revenue Fund of the Representative Authority of the Namas.

1. (1) The Revenue Fund of the Representative Authority of the Namas is hereby charged with the amounts set out in the Schedule for the defrayment of certain expenditure not provided for in the amounts appropriated for the administration of the affairs of the Namas during the financial year which ended on 31 March 1982.

(2) The expenditure referred to in subsection (1) is more fully described in the last column of the Appropriation Account on page 10 of the Report of the Auditor-General on the Accounts of the Representative Authority of the Namas for the Financial Year 1981-'82 which was submitted to the Legislative Assembly of the Namas, and in the Report of the Session Committee on Public Accounts, 1983.

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Unauthorized Expenditure (1981-'82) Ordinance, 1985.

SCHEDULE

| VOTE | | Amount |
|---|---|---|
| No. | Title | R |
| A | Salaries, wages and allowances | 603 797,68 |
| E | Miscellaneous | 157 189,76 |
| I | Health Services | 211,63 |
| L | Supplies and Services | 57 394,23 |
| M | Sundry Grants-in-Aid | 137 299,74 |
| T | Miscellaneous Loans and Subsidies | 225 415,63 |
| | TOTAL | 1 181 308,67 |

ONGEMAGTIGDE UITGAWES
(1981-'82) ORDONNANSIE 1985

Ordonnansie
No. 1 van 1985

*(Toegestem deur die Administrateur-generaal op 23 Mei 1985)*

*(Afrikaanse teks onderteken)*

# ORDONNANSIE

**Om voorsiening te maak vir die bestryding van ongemagtigde uitgawes uit die Inkomstefonds van die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas aangegaan vir die administrasie van die sake van die Namas in die boekjaar wat op 31 Maart 1982 geëindig het.**

Die Wetgewende Vergadering van die Namas VERORDEN SOOS VOLG:-

Bestryding van ongemagtigde uitgawes uit Inkomstefonds van die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas.

1. (1) Die Inkomstefonds van die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas word hierby belas met die bedrae uiteengesit in die Bylae vir die bestryding van sekere uitgawes waarvoor daar nie in die bedrae bewillig vir die administrasie van die sake van die Namas in die boekjaar wat op 31 Maart 1982 geëindig het, voorsiening gemaak is nie.

(2) Die uitgawes in subartikel (1) bedoel word nader omskryf in die laaste kolom van die Appropriasierekening op bladsy 10 van die Verslag van die Ouditeur-generaal oor die Rekeninge van die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas vir die Boekjaar 1981-'82, wat aan die Wetgewende Vergadering van die Namas voorgelê is, en in die Verslag van die Sessiekomitee oor Openbare Rekeninge, 1983.

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ongemagtigde Uitgawes (1981-'82) Ordonnansie, 1985.

BYLAE

| BEGROTINGSPOS | | Bedrag |
|---|---|---|
| No. | Titel | R |
| A | Salarisse, lone en toelaes | 603 797,68 |
| E | Diverse | 157 189,76 |
| I | Gesondheidsdienste | 211,63 |
| L | Voorrade en Dienste | 57 394,23 |
| M | Diverse Hulptoelaes | 137 299,74 |
| T | Diverse Lenings en Subsidies | 225 415,63 |
| | TOTAL | 1 181 308,67 |